

Sondag, 4 Julie 2021
Fokusteks: Markus 6:1-13

Dit was vir my so lekker om met my gesin die dorp in te ry waar ek grootgeword en skoolgegaan het. So het ons by al die plekke langs gery - die huis waarin ek gewoon het, die kerkgebou waar ons as familie Sondae kerk toe gegaan het, die skool en sportgronde en die strate waarin ek en my vriende ure lank gespeel het. Ek weet nie of my gesin dit nou juis so interessant gevind het nie, maar dit was vir my nogtans lekker om plekke van my kinderjare aan hulle te wys en opgewonde te vertel van die "goeie ou dae." Ek het sommer weer tuis gevoel in daardie dorp, veral toe ek mense raakloop wat my ouers goed geken het.

Dit is presies wat 'n mens sou verwag met Jesus se terugkeer na die dorp waar Hy grootgeword het. Hoewel die naam nie genoem word nie, weet ons uit die weergawe van die Lukasevangelie dat dit Nasaret was. Net voor sy terugkeer het Jesus groot wonderwerke gedoen. In die vorige hoofstuk lees ons hoe Jesus bese teeste uit 'n besete man in Gerasa verdryf het en die man gesond gemaak het. Daarna het Hy 'n vrou genees wat vir twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het. Pas daarna het Hy Jairus se dogter, wat ernstig siek geword en gesterf het, uit die dood opgewek.

Teen hierdie agtergrond sou 'n mens verwag dat Nasaret se mense hul dorpseun met groot opgewondenheid en dankbaarheid sou verwelkom. Dalk ook met groot trots, net soos wat 'n dorp doen as een van sy vroeëre inwoners 'n groot prestasie bereik, byvoorbeeld op sportgebied. Veral as dit 'n klein en onbelangrike dorpie is soos Nasaret. Skielik is die dorp in die nuus en kry dit respek en waardering in die gemeenskap.

Maar hier gebeur net mooi die teenoorgestelde. Jesus kom tuis, maar sy eie mense laat Hom ontuis voel. Hy was oorbekend aan die dorpsbewoners van Nasaret. Hy het tog voor hulle oë grootgeword. Daarom het hulle alles van Hom geweet. Of so het hulle altans gedink. Boonop was Hy die seun van 'n skrynwerker. Heel waarskynlik nie 'n geleerde man nie. Daar was 'n groot kloof in terme van geleerdheid en status tussen mense wat met hulle hande werk, en die wat ander posisies gehad het, soos priesters, regeerders, goewerneurs, militêre leiers en handelaars. Die vakmanne, kleinboere en vissermanne was aan die onderpunt van die statusleer.

Wanneer Jesus die mense op die Sabbatdag in die sinagoge begin leer, was hulle aanvanklik aangenaam verras deur sy woorde, maar dit het nie lank gehou nie. Die feite klop nie. Dit pas nie by sy status nie. Hy kom uit 'n eenvoudige huis, en hier praat Hy soos iemand met baie gesag. Alhoewel Hy met groot wysheid gepraat het, het die mense geweet: Hy is nie opgelei as 'n Rabbi of skrifgeleerde nie. Hy het nie by die kweekskool gestudeer nie. Hy is ook nie amptelik gelegitimeer en georden nie. Ja, Hy het die Skrifte goed geken, maar dis nie vreemd in daardie tyd nie. Die rede daarvoor is dat die grootste gedeelte van die bevolking ongeletterd was, sodat die Skrif deur mondelinge oorlewering oorgedra is. Mense se Skrifkennis was dus in elk geval goed.

Hulle noem Hom ook die *seun van Maria*. Normaalweg word daar in die Bybelse geslagsregisters verwys na die vaders. Mens sou dus verwag dat daar na Jesus verwys moet word as die *seun van Josef*. Maar nee, nou word daar na sy moeder verwys. Dis baie ongewoon. Was daar dalk skinderpraatjies oor Maria? Ek meen, die storie van die Heilige Gees wat haar swanger gemaak het klink darem baie verdag. Hoewel dit nie hier enigsins vertel word nie, sal ek nie verbaas wees as dit wel in hulle agterkoppe was nie.

Wat wel belangrik is om raak te sien is dat die mense nie enige (geloofs)vertroue in Jesus en sy woorde gehad het nie. Nee, sy status, sy herkoms maak dat hulle blind is om Hom as die Messias, die ware gesalfde van die Here, te herken. Die mense se sosiaal-kulturele vooroordele maak dat hulle oë blind is vir wie Hy regtig is, of wat Hy sê. So erg dat, vanweë hulle ongeloof en vooroordele, daar nie 'n enkele wonderwerk kon

plaasvind nie, behalwe 'n paar siekes wat gesond geword het. En dit het natuurlik hulle vermoedens oor Jesus bevestig – 'n omstrede Man. Hierdie Man was eenvoudig te gewoon om buitengewoon te wees.

Die woorde en daade van Jesus is nie deur sy eie familie, die mense die naaste aan Hom, geglo of geken nie. Dit is ironies dat Jesus deur sy eie familie in twyfel getrek word, maar deur die skares en vreemdelinge aanbid word. In die gebiede waar meestal heidene gewoon het, kon Jesus groot wonderwerke doen, maar in sy tuisdorp kom daar, vanweë hul wantroue en verwerping, niks van nie. Hulle het 'n Profeet in hulle eie midde, maar sy ware identiteit is onherkenbaar. Dit is juis hulle eie vooroordele, hulle eie oortuigings wat maak dat die patrone van God se genade nie raakgesien word nie. Vooroordele veroorsaak dat God se genade misken en ondergrawe word. Diep gewortelde oortuigings en sogenaamde bekendheid het God se genade vir hulle versluier.

Dit is presies die gevaar vir kinders van die Here. Ons kan God vir onself, maar veral vir ander mense, versluier deur ons selfgemaakte lewensuitkyk en lewensfilosofieë. Dan kan dit gebeur dat die Profeet hier verbybeweeg. Sy voetspore loop deur ons lewens, maar ons sien dit amper nie meer nie, omdat ons al te gewoond geraak het daaraan. Ons weet mos hoe dinge werk.

Nee, kinders van die Here is juis mense wat God se voetspore in hulle lewens kan onderskei. Mense wat kan begryp dat niks in hulle lewe blote toeval is nie. Soos verhoudinge, gebeurtenisse en ervarings wat oor jou pad mag kom. Jy sal Jesus se voetspore daarin kan herken. Maar jy sal dit ook net kan herken wanneer jy diep geanker is in Gods Woord. Wanneer God se Woord deur jou lewe loop, sal jy die patrone van genade sien. Dan weet jy dat, te midde van chaos en pyn, daar 'n Profeet in jou lewe is. Een wat mag het oor die bose. Een wat jou vrymaak van die bose. Een wat jou nuwe krag en uitsig gee. Dit gebeur wanneer 'n mens die verhale van die Skrif jou eie maak. Dan word jou eie lewensverhaal ingesuij in die kruisverhaal van Jesus. Dan is niks meer die noodlot nie. Dan is God se teenwoordigheid oor alles geskryf.

Wanneer Jesus die dissipels in groepies uitstuur, moet hulle juis Jesus se genadepatrone aan mense gaan wys. Hulle word twee-twee uitgestuur. Moontlik word dit so gedoen weens baie gevare langs die pad, dan is twee beter. Maar daar mag ook 'n ander rede wees wat heeltemal sin maak. Volgens Deuteronomium 19:15 moet daar ten minste twee getuies wees om die waarheid van 'n regsak te bevestig.

"Daar mag nie net een persoon teen iemand getuig nie, al was die oortreding of die misdaad ook wat, al het hy ook hoe verkeerd gehandel. 'n Beskuldiging kan net bewys word deur die getuienis van twee of drie getuies.

Hierdie beginsel word positief toegepas wanneer die dissipels in groepies van twee by mense rondgaan. Met ander woorde, die boodskap wat hulle verkondig is waar en geloofwaardig. Die evangelie aangaande Jesus kan vertrou, aanvaar en geglo word. Ons kan ook die waarheid van Gods woord met ons hele hart glo, want die twee Getuies, Jesus en die Heilige Gees, bevestig die liefdevolle werk van die Vader in ons lewens.

Dis interessant dat die dissipels aangesê word om in die allergrootste eenvoud te vertrek. Hulle het net die nodigste by hulle. Sal dit nie 'n slegte indruk skep by die mense by wie hulle aandoen nie? Ons vertrou nie maklik besighede en hul werknemers wat 'n armoedige voorkoms het nie. Hoe mooier en luukser die geboue, hoe meer vertroue in die produk.

Die dissipels hoef egter nie 'n ophef van Jesus te maak nie. Hulle hoef nie te gaan verduidelik hoekom Hy so omstrede in Nasaret was, en hoekom daar nie wonderwerke kon plaasvind nie. Die dissipels volg die beeld van eenvoud van hulle Leier. Hulle sal nie anders leef of optree nie. Dit lyk asof hulle niks het nie, maar Jesus gee hulle wel iets anders om saam te vat, en dit is mag oor die bose. Dit is hulle enigste bagasie. Waar

hulle ook al kom, verkondig hulle die evangelie, en roep hulle mense op tot bekering. Die teken van Jesus se teenwoordigheid is oorwinning oor die bose. Dis al, en dis genoeg.

Kinders van die Here is mense wat niks het om te bied nie, slegs die bereidwilligheid om te gaan. Dit wat hulle verder nodig het, sal aan hulle gegee word deur die Bron van liefde. Volgens die Markusevangelie is Jesus die Bron van waaruit die bose aangevat kan word, omdat Hy God se geliefde Seun is. Uiteindelik is dit die kruisiging en opstanding van Jesus wat ons Bron van mag oor die bose word.

Wat is jou siening van Jesus? Wie is Hy vir jou? Ons leef op die oomblik in uitdagende tye. Daar soveel tranes en seerkry in die samelewing dat die Bybelse boodskap moontlik 'n bietjie flou en ongeloofwaardig mag klink. Daar is 'n groeiende getal mense wat reken die evangelieboodskap is outyds en uitgedien. Waar staan jy wat hierdie saak betref? Is God vir jou nog 'n lewende werklikheid?

Indien ons hierdie roeping gehoorsaam om, soos die dissipels, uit te gaan om die blye nuus van die Woord van God uit te leef, moet ons nie verbaas wees as ons weerstand, spot of verwerping ervaar nie. Soos in Nasaret, sal die mense nie daarvan hou nie. Ons sal die weerstand ook aan ons eie lyf voel. Dit mag ons egter nie verhinder om die regte ding te doen nie. Gelukkig is jy nie alleen nie. Daar is nog kinders van die Here wat saam met jou die geloofspad stap. Hulle sal jou versterk. Maar God is ook teenwoordig in jou lewe. Sy opstandingskrag sal jou vashou op die steiltes en afdraandes.

Mag ek dan hierdie seëngebed vir jou bid (Lied 269):

God bly met u,
 waar u ook mag gaan.
 Mag sy Gees u lei en heilig
 en u altyddeur beveilig.
 God bly met u, waar u ook mag gaan.

God bly met u, waar u ook mag gaan.
 Deur sy sterke hand behoed Hy,
 daagliks met sy manna voed Hy -
 God bly met u, waar u ook mag gaan.

God bly met u, waar u ook mag gaan.
 As ons struikel, trek die Vader
 deur sy liefde ons weer nader -
 God bly met u, waar u ook mag gaan.

God bly met u, waar u ook mag gaan.
 In gevare, angs en lyding
 bied sy almag ons bevryding -
 God bly met u, waar u ook mag gaan.